

27 Februarie

Die gesin is 'n mini-koninkrykie

Skrifgedeelte: Efesiërs 5:21-6:4

Fokusgedeelte: Efesiërs 6:1-4 (1983-vert.)

Die gesin is 'n uiters belangrike bousteen in God se koninkryk – 'n mini-koninkrykie van God! Dit is in die gesin waar kinders van God moet leer wat liefde tot God en die naaste is en wat gesag beteken.

Maar ook in die gesin het die sonde 'n breuk gebring. Die duiwel weet as hy die gesin kan opbreek, kan hy God se koninkryk knou! En ons sien die gevolge van sy werk! Huwelike verbreek en ons kry gebroke huise. Kinders word die ergste geraak. Ons kry opstandige kinders. En dit kring verder uit in ons skole waar daar 'n dissiplineprobleem is en in die kerk en staat.

Hoe kan ons die situasie omkeer? Terug na die begin! Terug na die mini-koninkrykie van God toe – die huisgesin. As die huisgesin weer kerngesond is, sal dit deursuur na al die ander lewenskringe toe!

Hoe moet so 'n kerngesonde mini-koninkrykie lyk? In 'n paar verse lê God vir ouers en kinders 'n omvattende program neer. Kinders word opgeroep tot gehoorsaamheid aan hulle ouers. En vaders én moeders word opgeroep om die kinders wat God aan hulle toevertrou het reg op te voed!

Wanneer ons gehoorsaam is aan dié oproep, sal die gesin weer gesond wees en vandaar al verder deursuur. Dit kan! Christus het gekom en die band tussen God en mens herstel én ook tussen mense onderling – ook gesinsbande wat deur die sonde geskaad is. Hy het dit aan die kruis bevestig toe Hy vir sy moeder gesê het: “Daar is u seun,” en vir Johannes: “Daar is jou moeder.”

Sing: Psalm 34:6 (1936)

Ds. Abri Pelsner (Meyerspark)